Ontdek jou
Buitengewone Self!

# Volledige Verslag


**Anele Jansen van Vuuren**
**elenajvvuuren@gmail.com**
**Geboortedatum:** Donderdag, Augustus 07, 2008
**Voltooi:** Dinsdag, Junie 17, 2025
**Konsultant:** Mariaanne Buys
**E-pos:** Marianne70072@gmail.com





DIE DOEL VAN HIERDIE INSTRUMENT IS SELFONTDEKKING. DIT IS ONTWERP OM MENSE TE HELP OM HULLE NATUURLIKE PERSOONLIKE STERK PUNTE EN HUL POTENSIËLE BEROEPSBELANGSTELLINGS, -VAARDIGHEDE EN -PRIORITEITE TE IDENTIFISEER. DIE YES!-TOETS MOENIE GEBRUIK WORD OM SIELKUNDIGE- OF GEESTESGESONDHEID EN/OF MEDIESE PROBLEME TE IDENTIFISEER, DIAGNOSEER OF BEHANDEL NIE. DIE GEBRUIKER AANVAAR ALLEENVERANTWOORDELIKHEID VIR ENIGE OPTREDE OF BESLUITE WAT GEMAAK WORD AS GEVOLG VAN DIE GEBRUIK VAN HIERDIE HULPMIDDEL TOT SELFONTDEKKING. MET DIE AFLÊ VAN DIE YES! AANLYNTOETS, DOEN JY UITDRUKLIK AFSTAND VAN ENIGE EN ALLE EISE VAN ENIGE AARD TEEN CROWN FINANCIAL MINISTRIES, ENIGE GEAFFILIEERDE MAATSKAPPYE OF SKOLE, EN/OF HULLE WERKNEMERS EN/OF HUL KONSULTANTE, WAT MAG ONTSTAAN UIT OF IN VERBAND MET DIE GEBRUIK VAN HIERDIE TOETS.


YES! sal jou help om meer oor jouself te ontdek. Jy kan hierdie inligting gebruik om besluite te neem oor (1) jou opleiding; (2) jou aktiwiteite: skool, kerk, sport of gemeenskap; (3) jou verhoudings; (4) jou werk; en, ten slotte, (5) jou loopbaan.


Die Crown Financial Ministries, Inc. Yes!® Online toets is deur Crown Financial Ministries, Inc. ontwikkel. YES! is 'n handelsmerk en Career Direct, die Crown-logo, Crown Financial Ministries en die Crown-ontwerp is geregistreerde handelsmerke van Crown Financial Ministries, Inc. Alle ander handelsmerke is die eiendom van hulle onderskeie eienaars.

# Inhoudsopgawe


## Deel 1: Persoonlikheid

Wat bedoel ons met Persoonlikheid?

Ses Persoonlikheidseienskappe

Jou Persoonlikheidseienskap en Subeienskappe

## Deel 2: Belangstellings

Wat bedoel ons met Belangstellings?

Ses Algemene Belangstellingsareas

## Deel 3: Vaardighede en Vermoëns

Wat bedoel ons met Vaardighede en Vermoëns?

Vaardighede en Vermoëns: Hoogste Areas

## Deel 4: Prioriteite

Wat bedoel ons met Prioriteite?

Prioriteite: Omgewing (Woon-/Werksomgewing)

Prioriteite: Resultate (Lewens-/Werksuitkomste)

Prioriteite: Lewensdoel (Die "hoekom" van Lewe/Werk)

## Deel 1: Wat bedoel ons met Persoonlikheid?

As jy weet wat persoonlikheid beteken, sal dit jou help om jouself en ander beter te verstaan.

Persoonlikheid weerspieël hoe 'n persoon tipies gemotiveer is om op te tree. Daar is baie verskillende persoonlikheidseienskappe, in 'n magdom kombinasies. Hulle verskil soveel soos neuse en ore. Al hierdie eienskappe is geskenke, gelykwaardig en kosbaar. Geen eienskap is reg of verkeerd of enigsins beter of slegter as 'n ander nie.

Dis insiggewend om elke mens se spesiale kombinasie persoonlikheidseienskappe te identifiseer en te waardeer. As jy verstaan hoe hulle saamwerk om elke persoon uniek te maak, help dit jou om hierdie verskille te aanvaar en te waardeer. Jy kan jouself en ander op 'n dieper vlak verstaan, wat baie help in die bou van verhoudings. Ons kan almal met 'n bietjie meer daarvan doen!

Waardeer jou unieke ontwerp! Om jouself met ander te vergelyk of om iemand te probeer wees wat jy nie is nie, kan onnodige probleme tot gevolg hê. Benut jou persoonlikheid se sterk punte maar wees ook bewus van moontlike uitdagings.

In die afdeling oor Persoonlikheid sal jy leer watter spesiale individu jy is, geskep met verskille wat jou JY maak!




> **“ Wees uniek en onvergeetlik, selfversekerd en trots. Wees jou Buitengewone Self!**

Anele, hierdie toets dek ses pare persoonlikheidseienskappe, gemeet en in grafieke vertoon. Elke eienskap word geassosieer met gedrag, sterk punte en potensiële uitdagings. Onthou, wanneer dit by persoonlikheid kom, is dit nie beter om soos die of daardie een te wees nie. Wat belangrik is, is dat jy jou unieke persoonlikheid verstaan en vier.

Hierdie afdeling van jou verslag is op jou toetsantwoorde gebaseer en weerspieël profiele tipies van mense wat punte soos jy behaal het. Bevestig of betwis die inligting op grond van jou kennis van jouself, en laat iemand wat jou goed ken ook insette gee. Konsentreer op die gedeeltes wat jou akkuraat beskryf.

## Bevestig die terugvoer oor jou Persoonlikheid

Die volgende bladsye gee 'n oorsig oor jou ses persoonlikheidseienskappe, gelys van die hoogste tot die laagste.


Voor jy na jou tellings blaai, gebruik die lys hieronder om weer na die pare persoonlikheidseienskappe te kyk. Hoe goed ken jy jouself? Vat 'n raai! Gebruik die ovale reg langs die prente en vul die ovaal in aan die kant waarna jy dink jy leun. As jy dink jy kan soms maklik enige kant toe gaan, plaas 'n X in die middel van die middelpyltjie om dit aan te dui. Jy kan iemand wat jou goed ken ook hul raaiskote laat deel deur die buitenste ovale te gebruik (of 'n ander simbool in die middel van die middelpyltjie as hulle dink jy kan enige kant toe gaan).


| | | |
|---|---|---|
| **Spontaan** | ⟷ | **Pligsgetrou** |
| **Versigtig** | ⟷ | **Avontuurlustig** |
| **Feitelik** | ⟷ | **Jammerhartig** |
| **Inskiklik** | ⟷ | **Gesaghebbend** |
| **Teruggetrokke** | ⟷ | **Uitgaande** |
| **Tradisioneel** | ⟷ | **Kreatief** |

# 1 Jou FEITELIK Persoonlikheidseienskap en Subeienskappe

Jou telling wys dat jy dinge noem soos jy dit sien. Jy is taakgerig en hou daarvan om dinge te laat beweeg, en werk goed in alle soorte omgewings. Jy steur jou nie veel daaraan as ander om jou onvriendelik of nie ondersteunend is nie; jy neem dit nie persoonlik op en laat dit jou dag ruïneer nie. Jy word nie maklik afgeskrik nie, selfs al is daar verwerping of konflik. As gevolg daarvan kan jy werk of aktiwiteite geniet wat verband hou met verkope, bestuur, politiek of regte.


Hou in gedagte dat elke voordeel 'n nadeel kan hê. Jy kan per ongeluk iemand se gevoelens seermaak sonder om daarvan bewus te wees. Of jy kan ander se behoeftes miskyk en hard of onverskillig lyk. Met jou sterk wil kan dit voorkom asof jy dinge net op jou manier wil hê. Probeer om vriendeliker, geduldiger en meer begrypend te wees om wrywing te verminder. Dit sal jou help om meer effektief te wees in jou omgang met mense.




# 2 Jou TERUGGETROKKE Persoonlikheidseienskap en Subeienskappe


Jou telling wys dat jy geneig is om terughoudend te wees, iemand wat verkies om tyd met 'n paar goeie vriende of bekendes te spandeer. In groepsituasies wil jy onopvallend ondersteun en help. Jy verkies waarskynlik om met jou hande, inligting of idees te werk eerder as met mense. Jy is goed daarmee om taakgeoriënteerd en gefokus te wees en om jou tyd goed te gebruik. Jy sien situasies soos hulle is en word nie deur skinderpraatjies meegevoer, of raak vasgevang raak in verhoudingsdramas nie. Jy is 'n goeie luisteraar wat mooi dink voor jy reageer en dit dalk meer geniet om ander dop te hou as om te sosialiseer. Wanneer jy praat, luister mense, want jy gee praktiese antwoorde en wat jy sê, maak sin. Hou in gedagte dat 'n oordrewe sterk punt 'n swakheid kan word. As jy nie jou goeie idees deel nie, mis ander dit. Daarby vereis die lewe dikwels spanwerk, daarom is dit belangrik om met mense te kan skakel en goed te kommunikeer. Moenie bang wees om jouself in hierdie area uit te daag nie.




# 3 Jou PLIGSGETROU Persoonlikheidseienskap en Subeienskappe

Jou telling wys dat jy daarvan hou om georganiseerd te wees en dinge gedoen te kry. Jy word gedryf om presies en eerlik te wees, en stel hoë standaarde om belangrike dinge goed te doen. Jy hou daarvan om te bly by wat werk, en om te doen wat reg en regverdig is. Jy het 'n hoë mate van integriteit, selfbeheersing en terughoudendheid, wat dit vir jou maklik maak om die reëls te volg. Hoe stewiger die struktuur, hoe gelukkiger is jy, want dit help jou om te weet wat om te verwag. As jy jou opdragte ernstig opneem, fokus jy op redelike, koste-effektiewe en praktiese oplossings. Hou egter in gedagte dat 'n oordrewe krag 'n swakheid kan word. Jy kan dalk in die strik van perfeksionisme vasgevang raak. Nie alles hoef presies te wees nie; soms is dit beter om iets klaar te maak eerder as om te wag tot dit perfek is. Met ander woorde, vordering is soms beter as foutloosheid. Moenie iets uitstel terwyl jy vir die ideale geleentheid wag nie, en moenie dat vrees jou lamlê nie. Buigsaamheid kan jou vriend wees wat balans bring.









# 4 Jou GESAGHEBBEND
## Persoonlikheidseienskap en Subeienskappe

Jou telling wys dat jy in byna enige omgewing tipies daarvan hou om in beheer te wees en op onafhanklikheid te kan aandring. As 'n natuurlike, selfversekerde leier vertrou jy op jouself en wil jy in beheer wees. Jou behoefte om te beïnvloed en te oorreed kan op verskeie terreine sigbaar wees. Jy kan dalk situasies vermy waar jy die hele tyd moet volg. Jy is geneig om die "groot prentjie" te sien, wat jou help om dinge anders te benader en wat tot nuwe en opwindende idees lei wat jy wil deursien. Jy huiwer nie om jou idees en opinies uit te spreek nie.

Daar is twee kante aan elke munt. Omdat jy so baie daarvan hou om in beheer te wees, kan jy dalk leiding neem waar jy nie die nodige ondervinding of feite het nie. Jy kan dalk miskyk wat nodig is om jou "groot prentjie"-idees 'n werklikheid te maak. Wees versigtig en luister na die goeie raad van diegene met 'n ander perspektief.










# 5 Jou TRADISIONEEL/KREATIEF Persoonlikheidseienskap en Subeienskappe


Jou telling wys dat jy die geleentheid wil hê om kreatief te wees in wat jy doen, maar nie tot die uiterste nie. As dit dinge sal verbeter, kan jy 'n verandering maak of nuwe idees gebruik. Ander kere is jy tevrede om dinge te hou soos hulle is. Jy is dalk nie gemaklik om met voortdurende verandering te leef nie, maar wil ook nie hê alles moet altyd dieselfde wees nie. Probeer uitvind wanneer jy van verandering en kreatiwiteit hou en wanneer jy meer stabiliteit wil hê, eerder as om die twee te probeer meng. As jy dit duidelik kan onderskei, sal dit jou help om voordeel te trek uit jou sterk punte terwyl jy jou uitdagings onderbeklemtoon. Dit kan jou help as jy vir 'n mate van afwisseling in jou skedule kan beplan.




# 6 Jou VERSIGTIG/AVONTUURLUSTIG Persoonlikheidseienskap en Subeienskappe

Jou telling wys dat jy gebalanseerd is wanneer dit kom by dapper of versigtig wees. Jy hou van avontuur maar ook 'n mate van sekuriteit in jou lewe. Jy sal nuwe gebiede ondersoek wanneer dit sin maak, maar verkies waarskynlik om die moontlike risiko's te oorweeg. Jy is oop vir verandering as dit redelik klink, maar floreer waarskynlik nie op onsekerheid nie. Jy hou ook van goeie redes om die dinge te doen wat jy doen en is wys in die vasstel van jou prioriteite. Jy het waarskynlik 'n goeie balans tussen jou begeertes en die hoeveelheid tyd, energie en geld wat jy spandeer om hulle te bevredig.




## Deel 2: Wat bedoel ons met Belangstellings?

Jy het al agtergekom dat daar dinge is wat jy geniet om te doen, en ander waarvan jy nie hou nie. Hierdie afdeling beklemtoon sommige van die aktiwiteite, beroepe en vakke wat jou die meeste interesseer. Dit kan spesifieke areas uitwys waarop jy dalk sal wil fokus. Kom ons ondersoek dit!

Bestudeer die diagram hieronder om jou te help om die ses Algemene Belangstellingsareas van die Holland-kode te verstaan. Blaai dan om om jou persoonlike resultate te sien.




## Ses Algemene Belangstellingsareas

Anele, dis baie belangrik dat jy jou algemene belangstellings ontdek. Mense is geneig om uit te blink wanneer hulle belangstel in wat hulle doen! Verskillende mense stel in verskillende dinge belang. Wanneer jy betrokke kan wees by areas wat jou interesseer, maak dit die ervaring prettiger, selfs met moeilike of andersins vervelige take.

Hoe meer jy betrokke kan wees in areas wat jou opgewonde maak omdat jy baie daarin belangstel, hoe groter is die kans dat jy gelukkig sal wees - wat jou stres ook verlaag. Daar is verskeie maniere om loopbaanbelangstelling te kategoriseer.

Daar is 6 hoofareas by Algemene Belangstellings, met 31 000+ beroepe wat almal tussen hierdie ses areas verdeel kan word. Indrukwekkend!


Die grafiek aan die linkerkant en die lys regs onder help jou om te sien waar jou belangstellings in die ses Algemene Belangstellingsareas lê. As jy dit in gedagte hou, kan dit jou help om die beste besluite te neem sodat jy die meeste genot en bevrediging ervaar in wat jy doen.





**Let wel: Hierdie uitslagsyfers is afgerond.**

# Gekombineerde Belangstellings

Die tabelle hieronder wys jou hoogste tellings op die Aktiwiteite-, Beroepe- en Vakke-groepe. Hulle neem nie jou ervarings of vaardighede in ag nie; net jou belangstellings. Jy sal dalk 'n paar temas begin raaksien terwyl jy deur hierdie drie tabelle gaan.







Vakgroepe
1. Biologie
2. Dieregesondheid
3. Mode/Skoonheid
4. Onderwys
5. Skryf/Kommunikasie
6. Besigheidsadministrasie
7. Fiksheidsonderrig/-afrigting
8. Finansies
9. Landbou
10. Motortegnologie
11. Sosiale Wetenskap
12. Wetenskap
100
75
75
75
75
50
50
50
50
50
50
50
(100)
(75)
(75)
(75)
(75)
(50)
(50)
(50)
(50)
(50)
(50)
(50)
0
50
100


## Deel 3: Wat bedoel ons met Vaardighede en Vermoëns?

Anele, dis belangrik dat jy weet wat jou vaardighede is wanneer jy besluit waar om jou tyd en energie te belê, en uiteindelik wanneer jy 'n beroep kies. Dis lekker om iets te doen wat natuurlik kom!

Pas hierdie vaardighede/vermoëns by aktiwiteite waar hulle die beste werk om jou hoogste potensiaal te bereik. Eerstens, jy sal by 'n hoër basislyn begin, vinniger leer en meer bereik as wanneer jy nie natuurlike vaardigheid in daardie area het nie. Sommige mense kan byvoorbeeld jare lank musiek en sang bestudeer en oefen maar as hulle nie die natuurlike vaardighede het om uit te blink nie, sal hulle dit nooit regtig geniet of suksesvol wees terwyl hulle probeer om 'n professionele musikant of sanger te wees nie.

Tweedens, om jou natuurlike sterk punte in jou werk te gebruik, is net lekkerder. Mense ervaar minder stres as hulle vaardighede gebruik waarin hulle uitblink. Hierdie vaardighede word gewoonlik deur ander erken, waardeer en beloon. Jou selfvertroue groei soos jy jou natuurlike vaardighede gebruik, wat tot selfs meer sukses en vreugde lei.

Die uiteinde van die saak? Jy sal heel waarskynlik uitblink en dit meer geniet wanneer jy jou natuurlike vaardighede/vermoëns gebruik. Neem jou laer vaardigheidsareas in ag, maar verstaan dat dit gewoonlik minder produktief is om op hulle te fokus. Probeer in hierdie area saam met die stroom swem, nie daarteen nie.





Let wel: Hierdie afdeling se vaardigheidspunte kom van 'n selftoets en nie 'n prestasie- of aanlegtoets nie. Navorsing dui egter daarop dat selftoetsing 'n akkurate oorsig van 'n persoon se vaardighede kan gee.

# Vaardighede en Vermoëns: Hoogste Areas


## Ontwikkel Jou Vaardighede en Vermoëns

Selfs natuurlike vaardighede vereis opleiding, afrigting, harde werk en toewyding om hulle in stand te hou en verder te ontwikkel. Die meeste suksesvolle mense werk met toewyding daaraan om hulle natuurlike sterk punte te gebruik en te verbeter. Professionele gholfspelers slaan elke dag honderde balle en konsertpianiste spandeer ure om te oefen om hulle natuurlike atletiese en musikale vermoëns ten volle te ontwikkel.


Bestudeer jou hoogste vaardighede en kyk of en waar hulle met mekaar verband hou. Is daar oorvleueling? 'n Algemene tema? Hou van hulle meer verband met areas wat jy net vir die pret sal gebruik eerder as 'n basis vir iets groter? Is daar maniere waarop stokperdjievaardighede by jou ander verantwoordelikhede gebruik kan word?





Individue wat hoog in hierdie vaardigheidsgroep meet, het tipies 'n sterk belangstelling in mense en is in staat om natuurlik, effektief en betekenisvol met ander te kommunikeer deur verbale sowel as nie-verbale boodskappe. Hulle is dikwels goed met aktiewe luister, openhartigheid en empatie. Hulle sal goed vaar in loopbane waar hulle uitgebreide betrokkenheid by mense kan hê en waar berading, onderrig of verduideliking deel is van hulle werk.





Persone met hoë tellings in hierdie kategorie is goed met intellektuele uitdagings en geniet probleemoplossing. Hulle voel gemaklik met aktiwiteite soos navorsing, die ontleding van feite en getalle, en om abstrakte probleme op te los. Hulle gebruik graag logiese denke en objektiewe redenering, en geniet dit om met data en idees te werk en deur kritiese denke probleme te analiseer en oplossings te evalueer. Hulle dink dikwels nuwe idees of benaderings uit tot probleme. Hierdie vaardighede is nuttig in wetenskap, besigheid, navorsing en baie ander beroepsvelde.




Individue met hierdie vaardighede is dikwels goed met die delegering en koördinering van verantwoordelikhede, die neem van besluite, kommunikasie, oortuiging en motivering. Ander reageer goed op hulle leierskap. Vaardighede kan ook akkurate rekordhouding, liassering, tik, woordverwerking, kennis van kantoorprosedures, akkuraatheid met basiese wiskunde, kennis van telefoonsisteme en vaardigheid in die gebruik van kantoorapparaat insluit. Hulle let dikwels op detail en is in staat om vinnig, akkuraat, netjies en georganiseerd te werk. Persone met bestuur as 'n hoë vaardigheid moet beroepe oorweeg wat bestuur, bevordering, delegering en leiding aan ander insluit.




Individue wat vaardig is in hierdie area neem tipies vinnig, beslissend en selfversekerd besluite, en kan inisiatief neem. Hulle is in staat om buigsaam, onderskeidend, kreatief en betroubaar te wees en het uitstekende kommunikasievaardighede. Hulle is goed met verhoudingbou en probleemoplossing sowel as onderrig, opleiding en mentorskap. Persone met sterk leierskapvaardighede word in alle loopbaanareas benodig.




Individue wat hoë tellings in hierdie gebied behaal, is tipies goed met leiding gee, saam met 'n span werk, netwerke, doelwitstelling, hulpbronverkryging en -toewysing, skedulering, prioritisering, delegering, begroting en projekbestuur. Hulle kan uitblink in die stelselmatige samestelling, berging en herwinning van inligting, data en items. Hulle is van nature metodies, netjies en sistematies in hul benadering tot 'n taak. Dit maak hulle meer doeltreffend in die handhawing van akkuraatheid en organisering van inligting, besonderhede en dinge. Mense met hierdie vaardighede kan loopbane in die sakewêreld, gasvryheidsbedryf of kliëntediens geniet.

## Deel 4: Wat bedoel ons met Prioriteite?

As jy jou prioriteite verstaan, sal jy kan sien hoe belangrik dit is om te weet watter dinge vir jou die belangrikste is. As jy eers jou prioriteite vasgestel het, lyk dit of alles verder in plek val.

Prioriteite sal jou lei na die vakke wat jy neem, aktiwiteite waaraan jy deelneem, en selfs na jou toekomstige beroepsbesluite. Hulle het 'n invloed op jou hele lewe! Jy kan dink dis vanselfsprekend, maar baie mense raak vasgevang in dinge wat laag is op hulle prioriteitslys. Dit steel hulle tyd en produktiwiteit, en dalk selfs hulle vreugde.

As jy hierdie prioriteite verstaan en gebruik, sal dit betekenis en sin gee aan wat jy in die klas doen, aan jou buitemuurse aktiwiteite, en selfs aan jou keuse van 'n toekomstige loopbaan. Hoe meer jou prioriteite met jou werklikheid ooreenstem, hoe beter sal jy vaar en hoe meer vervul sal jy voel.

Anele, jy kan betrokke wees by iets wat by jou belangstellings, vaardighede en persoonlikheidsterktes pas, en steeds onbevredig voel en stres ervaar as dit nie by jou prioriteite pas nie. Byvoorbeeld, baie mense geniet dit om buite te werk en sal nooit heeltemal gemaklik voel as hulle die hele tyd binnenshuis is nie. Ander wil graag mense direk help en sal nie daarmee tevrede wees om op hul eie of met masjiene te werk nie.

Party mense jaag net materiële sukses na en dink dit sal hulle bevredig. Hulle eindig dikwels onvervuld en met uitbranding. As jy jou prioriteite by belangrike besluite in ag neem, help dit jou om sulke teleurstelling en stres te vermy. Kyk mooi na jou prioriteite om te sien of jy konsekwent is. Vergelyk hulle met die manier waarop jy regtig funksioneer. Hierdie drieledige afdeling oor prioriteite kan leiding gee in jou lewe en werk.

Verwag dat jou prioriteite sal verander; hulle is joune en jy kan hulle verander soos en wanneer jy wil. Dikwels verander hulle met ouderdom, ervaring en veranderende gesinsituasies. Stoor hierdie verslag vir toekomstige verwysing. 'n Periodieke hersiening van jou prioriteite sal jou in staat stel om te sien hoe goed jy by hulle hou en of dit sin maak om enige van hulle aan te pas.

## Prioriteite: Omgewing (Woon-/Werksomgewing)

Die lys items wys wat jy in jou omgewing wil hê, van die belangrikste tot die mins belangrike.

As die opset waar jy jouself bevind jou hoër prioriteite in het, sal jy meer tevrede wees.

**1. Organisasie**
Ek hou daarvan om struktuur, stelsels, orde en netheid rondom my te hê.

**2. Uitdaging**
Ek wil moeilike probleme oplos en orde herstel waar daar chaos is.

**3. Skoon omgewing**
Ek werk graag in 'n plek met so min moontlik gemors of slegte reuke, en waar ek myself redelik goedversorg kan hou.

**4. Verskeidenheid**
Ek hou daarvan om met verskillende mense te praat en elke dag verskillende take uit te voer.

**5. Selfbestuur**
Ek wil dinge op my manier doen (besluite neem, nuwe dinge probeer) sonder dat iemand oor my skouer loer.

**6. Avontuur/Risiko's**
Ek wil deel wees van die aksie en met die onbekende en onverwagte werk.

**7. Regverdigheid**
Ek hou daarvan as almal regverdig behandel word, ongeag wie hulle is.

**8. Fleksie-/buigsame werksure**
Ek wil beheer hê oor my skedule, om dit aan te pas wanneer ek wil.

**9. Harmonie**
Ek funksioneer die beste wanneer almal bedagsaam is en goed oor die weg kom, met min of geen konflik nie.

**10. Buite wees**
Ek geniet dit om buite te wees (kontak met die natuur, vars lug) terwyl ek wat-ook-al doen.

**11. Standvastigheid**
Ek hou daarvan om 'n gevestigde roetine te hê, en vermy verrassings.

**12. Reisgeleenthede**
Ek geniet dit om na nuwe en ander plekke te reis, ook om nuwe mense te ontmoet.

## Prioriteite: Resultate (Lewens-/Werksuitkomste)

Dit is die resultate wat jy regtig wil hê en verwag van die aktiwiteite en werk wat jy doen.

Onthou, nie een van hierdie prioriteite is op sigself sleg nie. Jou keuse verteenwoordig net wat vir JOU belangrik is!

**1. Om ander te help**
Ek wil ander help en hulle lewens verbeter.

**2. Hoë inkomste**
Ek wil goed beloon word met geld sodat ek suksesvol kan voel of baie vrygewig kan wees.

**3. Om waardeer te word**
Ek hou van erkenning vir my prestasies.

**4. Loopbaanvordering**
Ek wil toenemende verantwoordelikheid en gesag hê.

**5. Stabiliteit**
Ek wil hê dat die rol wat ek het vir 'n lang tyd nodig en relevant moet wees.

**6. Leierskapsgeleenthede**
Ek wil verantwoordelik wees vir mense en/of hulpbronne, om te delegeer, besluite te neem en dalk selfs 'n span te lei.

**7. Leergeleenthede**
Ek wil meer leer om in my rolle en verantwoordelikhede te verbeter.

**8. Intellektuele stimulasie**
Ek geniet dit om moeilike sake te deurdink en ingewikkelde probleme op te los.

Hoekom jy doen wat jy doen is belangrik en kan jou help om jou lewensdoel te bepaal.

Ervaring toon dat mense wat mooi oor hulle lewensdoel nadink voor hulle besluit en dan 'n beroepskeuse maak wat tot daardie doel bydra, 'n unieke gevoel van vrede en vervulling ervaar.

**1. Uitnemendheid**
Ek stel hoë doelwitte, streef na uitnemendheid, sien graag resultate en wil my volle potensiaal bereik.

**2. Finansiële voorspoed**
Om geld bymekaar te maak, help my om gelukkig te wees sodat ek die fyner dinge in die lewe kan geniet of super-vrygewig kan wees.

**3. Behulpsaamheid**
Dis vir my belangrik om ander te help en positiewe bydraes in hulle lewens te maak.

**4. Geloof**
In alles wat ek doen, wil ek 'n Krag dien wat hoër as die mensdom is.

**5. Eerbaarheid**
Om my verpligtinge eerlik na te kom en regverdig te wees, is vir my belangrik.

**6. Skoonheid**
Ek geniet 'n pragtige omgewing.

**7. Rus en ontspanning**
Ek wil baie tyd hê om persoonlike belangstellings of stokperdjies na te streef.

**8. Tyd met familie**
Kwaliteit- en kwantiteit-tyd saam met my gesin is belangrik.

**9. Tyd met vriende**
Kwaliteit- en kwantiteit-tyd saam met my vriende is belangrik.